

**Sing vooraf staande: Psalm 73:11, 12 (p. 369)**

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?  
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde<sup>in</sup> kan verlustig?  
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,  
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my ewige goed.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.  
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.  
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.  
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 103:1, 2 (p. 504)**

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,  
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,  
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

**Skrifberyming 5-2:4, 5**

- 2 Die misstap wat ons voet begaan, / die misdaad deur ons hand gedaan,  
die straf uit swaarste regsgeeding, / wat ons die volle vrede bring,  
die wonde wat ons wonde heel – / dit alles was sy lydensdeel.  
Ja, al die kwaad deur ons gedaan, / het God die HEER oor Hom laat gaan.
- 5 Terwyl ons op die dwaalweg gaan, / storm al ons sondes op Hom aan;  
maar Hy 't mishandel, neergebuk, / sy mond nie oopgemaak in druk.  
'n Lam, ter slagting heengelei, / so stil en stemmeloos was Hy,  
en soos 'n skaap voor wie hom skeer, / so stil en sonder teëweer.

**Skriflesing:** Romeine 8:1-8; Galasiërs 3:21 – 4:7;  
Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 20

**Kernvers:** Romeine 8:3 en Galasiërs 4:4-6

**Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het die sonde binne die sondige bestaan van die mens veroordeel deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur as 'n offer vir die sonde.**  
(Romeine 8:3 AFR83)

**Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: “Abba!” Dit beteken: Vader!**  
(Galasiërs 4:4-6 AFR83)

## Nederlandse Geloofsbelydenis

### Artikel 20

#### **God se regverdigheid en barmhartigheid in Christus**

*Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur sy allerbitterste lyding en sterwe dra. So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het, en só sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee, en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.*

*Heb 2:14; Rom 8:3, 32; 4:25.*

**Tema:** In Christus bewys God dat Hy regverdig en genadig is teenoor ons

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om die plek van Artikel 20 in ons Nederlandse Geloofsbelydenis te begryp, is dit nodig dat ons eers 'n bietjie terugskou op die vorige Artikels. Eers die Artikels wat ons oor die mens bely. In Artikel 12 bely ons dat God die mens goed en regverdig geskep het. Dit wil sê, na die beeld van God. In Artikel 14 bely ons wat van hierdie volmaakte regverdige mens geword het. Hy het in sonde geval deur eerder na die duiwel as na God te luister. Deur die sonde het die mens die dood en vervloeking oor homself gebring.

Die gevolge van hierdie sondige toestand van die mense is dat hulle vyande van God is. Alles wat hulle doen, is bevlek en besmet met sonde. Uit hulleself kan hulle niks goed bedink of doen nie, want hulle het 'n sondige geaardheid waarmee hulle gebore is. Dus is dit vir die mense gans en al onmoontlik om self uit die greep van die sonde te kom. God haat egter die sonde so dat daar net een regverdige straf op die sonde is, naamlik die dood. Die enigste manier waarop daar vir die sonde betaal kan word, is dus deur die dood. Maar as die mens as gevolg van sy sonde met die dood gestraf word, wanneer sal die straf uitgedien wees? Die ongeluk is egter dat die straf op die sonde nie net 'n tydelike dood is nie maar 'n ewige dood waarin 'n mens geheel en al vir ewig van God verlate is, en dit beteken: die hel.

Dit is dan die een lyn wat ons raaksien wanneer ons terugkyk op wat ons tot dusver in ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely het. Maar daar is ook die ander helder stralende lyn van God wat ons bely. Ons bely dat God Drie-enig is – Vader, Seun en Heilige Gees. Die Vader is ons Skepper en Hy regeer en onderhou ons in hierdie lewe. Maar Hy wil ons nie net in hierdie lewe regeer en onderhou nie. Hy het ons immers geskep met die oog op die ewige lewe – die ewige lewe wat ons mense self met veragting weggedruk het deur ons sonde. Alhoewel hierdie optrede van die mense God bitter hartseer maak, gee Hy tog nie moed op met die mense nie. Daarom is sy Seun en Heilige Gees ook daar om sy wil volkome met die mens te volbring.

In Artikel 10 bely ons dat die Seun van God waaragtig God is en in Artikel 18 bely ons dat die Seun van God waaragtig mens geword het. Die Seun het mens geword sonder om ooit op te hou om God te wees. Daarom bely ons in Artikel 19 dat Jesus Christus twee nature het, naamlik sy Goddelike en menslike natuur – vir ewig met mekaar in een Persoon verenig.

Wanneer ons dan Artikel 20 bely, lei die Heilige Gees ons om hierdie twee lyne – die lyn

van God en die lyn van die mens – by mekaar uit te bring. Waar hierdie twee lyne in ons Artikel mekaar kruis, hoor ons hoekom God sy Seun 'n ware mens laat word het terwyl Hy steeds ook ware God gebly het. In Jesus Christus bewys God dat Hy regverdig en barmhartig teenoor ons is.

Met die beeld van slawerny en minderjarigheid beskryf Paulus die toestand van die mens wat nie verlos is van die sonde of wettiese godsdienstige reëls nie. Aangesien die mens van nature 'n gebore sondaar is en sonde natuurlik en spontaan gedoen word, is die mens letterlik 'n slaaf van sy eie swakke natuur. Die sondaar doen sonde omdat hy nie anders kan nie, so ernstig is hierdie slawerny van die mens.

Aangesien God nie met die mense moed opgee nie, het Hy op verskeie maniere met hulle gewerk en gepraat. Uit al die volke van die ou wêreld kies God die kleinste en mees veragte volk om sy volk te wees. Uit Egipte verlos Hy vir Israel. En omdat Hy hulle aan Hom gebind wil hou soos wat Hy Homself aan hulle verbind het, gee Hy sy wet aan hulle. Deur getrou die wet te onderhou moes Israel juis dank aan God bewys dat Hy hulle verlos het en aan Hom gebind gebly het.

Alhoewel God sy wet aan Israel gegee het en alhoewel Hy hulle uit Egipte verlos het, het dit nog nie die mense se geaardheid verander nie. Hulle het steeds sondaars gebly wat ook nog slawe van die sonde was. Daarom het hulle van die wet iets anders gemaak as wat God daarmee bedoel het. Volgens hulle sondige aard het die mense gereken dat hulle hulleself van hulle sonde en sondige aard kan verlos deur die wet getrou te onderhou. In plaas daarvan om hulle dank en verbintenis aan God met die wet te toon, maak hulle daarvan 'n middel tot verlossing. Sodoende het die mens nou nie net slaaf van sy eie sonde en sondige aard geword nie, maar ook 'n slaaf van die wet. Die wet word nou 'n klomp moets en moenies wat jy moet nakom om die ewige lewe te verkry.

Geliefdes, die Heilige Gees leer ons egter by monde van Paulus dat God nooit die wet gegee het sodat mense die ewige lewe daarmee moes verdien nie. Die houvas wat die sonde op ons gehad het, was egter daarvoor te sterk. Weens ons sonde is die wet nie by magte om ons van ons sonde te verlos nie.

God het egter die wet gegee sodat Israel dank aan Hom kan bewys en met hulle lewe kan wys dat hulle aan Hom gebind is. Juis omdat God wou hê dat die Israeliete aan Hom gebind moes wees, sê Paulus dat die wet 'n toesighouer is van die mens totdat Christus kom. Ons kan die wet as toesighouer vergelyk met die werk van 'n baba-oppasser. Die wet moes die mense bewaak totdat Christus sou kom, want God wil sy bedoeling met die mense tot uitvoer bring. Hy het hulle immers geskep met die oog op die ewige lewe.

Dit is dan op hierdie punt waar die twee lyne – die lyn van God en die lyn van die mense – mekaar kruis. **Wat die wet nie by magte was om te doen nie**, naamlik om die mens van sy sonde te verlos en die ewige lewe aan hulle te skenk nie, **dit het God gedoen** (Romeine 8:3 AFR83).

Toe die tyd aangebreek het wat God daarvoor bepaal het, het Hy sy Seun gestuur. Die werk van die wet as baba-oppasser is verby omdat God bepaal het dat dit net vir 'n tyd lank sal duur. En toe God sy Seun stuur, stuur Hy Hom om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Dit wil sê, God stuur sy Seun om mens te word terwyl Hy steeds ware God bly.

Dat Hy regtig 'n mens geword het, betuig die Heilige Gees aan ons wanneer Hy sê:

**Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe.**  
(Galasiërs 4:4 AFR83)

Soos alle mense is Jesus Christus uit 'n vrou gebore. En as 'n verdere bewys dat Hy regtig 'n mens is, word daar bygevoeg dat Hy aan die wet onderworpe was. Net 'n mens kan aan die wet van God onderworpe wees. God is nie aan sy eie wet onderwerp nie, want Hy is God en bo die wet verhewe. Maar Hy bly getrou aan Homself. Hy kan Homself nie verloën nie.

Die Seun van God is gestuur om mens te word, want God wil in Jesus Christus bewys hoe regverdig Hy is. Dit is die mens wat gesondig het. Daarom moet die mens boet vir die sonde. God gaan nie die sonde oorsien nie, want Hy is regverdig. God weet ook dat die mens nie met sy eie lewe of op enige ander manier vir die sonde kan betaal en ook nog die ewige lewe verkry nie. Daarom stuur Hy sy Seun om mens te word.

As ware mens moes Jesus Christus aan God se regverdige eis kom voldoen. As ware mens moes Jesus Christus die straf vir die sonde deur sy allerbitterste lyding en sterwe dra. Jesus Christus moes ons wat aan die wet onderworpe was, die wet van die sonde sowel as die wet van God, kom loskoop met sy kosbare bloed sodat ons kinders van God kan word.

Dat Christus as mens die allerbitterste lyding en dood verduur het om die straf op die sonde te dra, hoor ons in die woord *loskoop*. Destyds toe 'n slaaf losgekoopt is om as 'n vryman verder te lewe, is daar met goud of silwer vir hom by die afgod se tempel betaal. So 'n losgekoopte slaaf het dan 'n dokument ontvang waarop geskryf staan "vir vryheid". Niemand kon hierdie losgekoopte slaaf weer 'n slaaf maak nie, aangesien hy die afgod se eiendom is. Wanneer Christus ons loskoop, betaal Hy nie met goud of silwer nie, maar met dit wat sy Vader vereis, naamlik sy lewe. Sy kosbare bloed is die enigste wettige betaling om ons uit die slawerny van die sonde los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kan word. Deur die bloed van Christus het ons dus eiendom van God geword en Hy beseël ons met die Heilige Gees as sy eiendom.

Jesus Christus het nie net met die tydelike dood betaal toe Hy sy laaste asem aan die ruis uitgeblaas het nie. Die Heilige Gees lei ons met die woord *losgekoopt* terug na Galasiërs 3:13. Om ons van die vloek wat die wet meegebring het, los te koop, moes Christus in ons plek 'n vervloekte word. Die kruis is juis die bewys dat Jesus regtig 'n vervloekte geword het. Hy is nie net deur die priesters en skrifgeleerdes vervloek tot 'n misdadiger se dood nie. Hy is deur God self vervloek en as 'n vervloekte behandel.

God het ons sondelas op sy Seun gelê en Hom toe gedurende daardie drie uur van duisternis op Golgota aan die kruis geheel en al verlaat. Die angste van die hel het in daardie drie uur op Jesus toegesak. Elke duivel en bose engel het Hom in daardie tyd geteister. Niemand, nie 'n engel van God of sy eie Vader, het Hom in daardie drie uur bygestaan of versterk nie. Hy het hierdie allerbitterste lyding gedra, want Hy moes ons van die ewige dood as betaling vir ons sonde verlos.

In Christus bewys God dat Hy regverdig is teenoor ons. Hy sien nie die sonde oor nie maar straf dit regverdig. Die mens moet met sy hele lewe betaal vir die sonde, daarom stuur Hy sy Seun om mens te word. Jesus Christus sterf letterlik – Hy het sy asem aan die kruis uitgeblaas en Hy is begrawe. Maar Hy betaal ook die volle prys wat God eis vir die sonde. Jesus was vervloek gewees toe Hy die angste van die hel moes verduur. Hy is na drie dae uit die dood opgewek omdat die betaling met sy lewe voldoende is vir al die

sonde van die wêreld.

In hierdie selfde daad van Christus se kruisdood bewys God dat Hy barmhartig is teenoor ons. Hy voer sy bedoeling met die skepping van die mens in Jesus Christus deur. Toe God ons sondelas op sy Seun gelê het, het Hy sy goedheid en barmhartigheid oor ons uitgestort. Christus se betaling vir ons sonde met sy kosbare bloed is volkome en voldoen heeltemaal aan God se eis sodat God aan ons barmhartigheid kan bewys. Ons hoef nie en sal nooit die ewige dood hoef te sterf nie. Selfs nie ons tydelike dood wanneer ons eendag ons asem hier op aarde uitblaas, sal 'n betaling vir die sonde wees nie.

Omdat Christus deur God verlaat was aan die kruis, dit wil sê, die helse smart verduur het, is ons ewige dood daarmee vereffen. En die gevolg daarvan is dat God barmhartig is teenoor ons, en die feit dat ons as kinders van God aangeneem is. En om ons te verseker dat ons regtig as sy kinders aangeneem is gee Hy sy Heilige Gees aan ons, die Gees van sy Seun.

God se barmhartigheid aan ons vind nie met 'n groot donderslag plaas nie. As Hy ons as sy kinders aanneem, stuur Hy sy Heilige Gees in ons harte. Dit is immers die Heilige Gees wat in ons harte die geloof opwek sodat ons verseker kan weet en vertrou dat God sy Seun in die dood oorgegee het omdat Hy ons ook met die mees volmaakte liefde liefhet. Met die geloof stel die Heilige Gees ons in staat om wat Christus vir ons met sy kruisoffer verdien het ons eie te maak. Deur die geloof neem ons die ewige lewe en uiteindelik ook ons onsterflikheid in ontvangs.

Hoe sal ons weet dat God regtig barmhartig is teenoor ons? Wanneer die Heilige Gees in ons kom, roep Hy in ons "Abba!" Dit beteken *Vader*. Die Heilige Gees oortuig ons dus in ons binneste dat ons God se kinders is. Hy help ons ook om hierdie barmhartigheid van God in die praktyk te ervaar. Wanneer ons tot God bid, roep ons Hom aan as ons Vader wat in die hemel is. Deur 'n volhardende gebedslewe sal elke gelowige dag na dag meer seker wees dat God regtig ook aan hom barmhartigheid bewys het. So werk die Heilige Gees dan ook mee om God se bedoeling met die skepping van die mens uit te voer. Die Heilige Gees maak ons voortdurend heilig sodat ons die ewige lewe in sy volheid kan ontvang.

As ons dan ons geloof in Jesus Christus moet verantwoord, as mense ons vra hoekom glo ons dat Jesus Christus ware God en ware mens is, dan antwoord ons:

- Na aanleiding van Artikel 19 dat ons saligheid daarvan afhanklik is, en
- na aanleiding van Artikel 20 omdat God in Christus aan ons bewys dat Hy regverdig en barmhartig is teenoor ons.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?  
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?  
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?

2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied  
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;  
ek roem sy daede bly, / die werke van sy hande.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap  
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
20 Januarie 2013